

## **Tema: ... maar as die Here se impakspelers op die veld kom...**

**Skrifvoorlesing:** Dele uit Haggai 1 en Sagaria 1.

Mens ervaar dit nogal dikwels in rugbywedstryd: Daar gaan nie veel aan nie, dit poer-poer so – totdat die impakspelers op die veld draf.

So was dit ook in die tyd van die profete Haggai en Sagaria. In die geestelike lewe van die kerk het daar nie veel aangegaan nie. Die mense wat spesiaal uit ballingskap teruggekom het om die tempel te herbou het, het net nie sover gekom om hulle roeping te vervul nie.

Toe kom Haggai en Sagaria na vore. Hulle was nie sêlf die impakspelers nie, maar hulle het wel die Here se ware impakspelers bekend gestel: Sy Woord en Gees.

**Eerstens het “die Woord van die Here”** deur hulle diens aan die woord gekom. Die Woord vra eerlike, reguit vrae (Hag. 1:4), rig duidelike oproep (Hag. 1:5) en gee heerlike versekering (Hag. 1:13b) aan mense wat opreg met ontsag voor die Here se vermaning buig.

**Tweedens het die Gees van die Here** duidelik in hulle harte gewerk. Wie anders kon “die gees van Serubbabel... Josua... die gees van die oorblyfsel van die hele volk opgewek (het)” as die Gees van God? Trouens, so word dit bevestig in Hag. 2:5 en Sag 4:6.

Ons is bevoorreg om vanoggend nuwe ouderlinge en diakens in hulle diens te kan bevestig. Nuwe werkers is altyd welkom en ons glo die Here wil hulle tot sy eer laat dien in en buite die gemeente. Maar ons verwagting mag nooit op mense gerig wees asof hulle die verskil sal maak nie.

**As die Here se ware impakwerkers (Let wel: nie “spelers”) nie in die gemeente werk nie, sal ons niks tot sy eer verrig nie. Indien ons egter op sy Woord en Gees vertrou, kan die geringste takie magtige werk word in die geestelike tempelbou waartoe ons geroep is.**